# Dié tannie sit die trustees ore aan

TERTIUS MAREE
tertius@section.co.za



DEELTITEL FORUM

### Gratis webinaar

Ek bied op 17 Februarie om 14:00 'n gratis webinaar aan wat handel oor trusteeskap en die "moets en moenies" van die amp.

Ek doen dit omdat ek in my praktyk té dikwels sien hoe trustees onoordeelkundige foute maak wat hulle later duur te staan kom.

Sodanige "ongelukke" kan verhoed word deur te sorg dat goed opgeleide trustees altyd aan boord is, en indien nie, dat betroubare regsadvies ingewin word voordat belangrike besluite geneem word.

### Die saak van tannie Dorse

Die saak wat ek vandag bespreek, is 'n goeie illustrasie van hoe dinge heeltemal verkeerd kan loop indien hierdie benaderings nie gevolg word nie.

Tannie Dorse was 'n nuwe eienaar wat haar intrek by die skema geneem het, vergesel van haar miniatuur-yorkshireterriër.

Die voorgeskrewe gedragsreëls het by die oord gegeld en die aanhou van 'n troeteldier sonder die trustees se skriftelike toestemming was gevolglik onwettig.

Kort ná haar intrek ontvang sy 'n brief van die bestuursagent wat versoek dat sy die hondjie verwyder. In reaksie hierop rig sy 'n brief aan die bestuursagent om toestemming te verkry om die hond te hou. Hierdie aansoek is deur die trustees oorweeg, maar hulle het toestemming geweier.

Me. Dorse het egter voortgegaan om die hondjie te hou en die trustees het 'n aansoek tot die hooggeregshof gerig vir 'n bevel dat die hond verwyder word. Me. Dorse het die aansoek verdedig en 'n teenaansoek gerig vir hersiening en tersydestelling van die trusteebesluit.

### Die lot van die hondjie

Uit die getuienis het dit geblyk dat twee faktore 'n oorheersende rol by die trustees se besluit gespeel het. Eerstens was dit hul algemene beleid om nie troeteldiere toe te laat tensy spesiale omstandighede teenwoordig is nie.

Tweedens was dit gebaseer op die vrees dat dit 'n presedent

> "Een van die grootste gevare is wanneer trustees hulself bevoegdhede toe-eien . . .

sou skep.

Die hof het bevind dat 'n besluit soos hierdie nooit op enige "algemene beleid" gebaseer mag word nie en elke geval op eie meriete beoordeel moet word.

### Die hond is 'n spesiale geval

Tweedens is die redenasie dat dit 'n nadelige presedent mag stel, ook nie relevant nie en mag die trustees nooit hul besluite op sodanige oorweging baseer nie.

Die hof het verder gegaan en bevind dat, in die lig van die redes deur die trustees voorgehou, behoorlike oorweging nie aan die spesiale omstandighede van die geval geskenk was nie, die belangrikste waarvan was dat die hond nooit geblaf het nie en dat die hond altyd deur die respondent gedra word wanneer sy buite haar eenheid beweeg.

Die hof het gevolglik bevind dat die trustees nie die aangeleentheid behoorlik oorweeg het soos deur gedragsreël 1 vereis nie.

### Wie laaste blaf

Die hof het laastens bevind dat die trusteebesluit iets is wat wel in hersiening geneem mag word en dat die hof oor die bevoegdheid beskik om die trustees se besluit te vervang.

Gevolglik is 'n bevel uitgereik dat die trustees se besluit tersyde gestel en die respondent se aansoek om die hond te hou, toegestaan word. Die regspersoon is ook gelas om haar regskoste te betaal.

### Gedragsreël 1

Hierdie beslissing is 'n belangrike baken vir trustees omtrent die toepassing van gedragsreël 1. Daar is nie iets soos 'n "algemene beleid" nie. Dít geld ten opsigte van alle reëls: Deur 'n "algemene beleid" voor te hou, kom neer op 'n wysiging van die bestaande reël of skepping van nuwe reëls deur die trustees, wat nie geoorloof is nie. Trustees kan ook nie terugval op die "presedent"-redenasie nie en die beginsel bly dat elke geval op eie meriete beoordeel moet word.

Nie sonder rede nie maan gedragsreël 1 die trustees: ". . . en sodanige toestemming mag nie sonder goeie rede weerhou word nie."

Een van die grootste gevare is wanneer trustees hulself bevoegdhede toe-eien sonder behoorlike kennis van wat die reëls vereis.

Neem kennis van wat die reël vereis, en indien die trustees iets anders wil doen, oorweeg liewer om eers die betrokke reël te wysig. In die Dorse-geval kon die trustees oorweeg het om gedragsreël 1 te wysig, om vir 'n algehele verbod voorsiening te maak.

Dit sou dan aan die eienaars voorgelê word vir aanvaarding of andersins, by wyse van 'n spesiale besluit.

### Trustee-opleiding

Wat trustee-opleiding betref, is my voorstel dat jaarliks daarvoor begroot word. **Prof. Graham Paddock** bied 'n goeie kursus aan, en my eie **bekostigbare kursus** het al die toets van die tyd deurstaan. Skakel met louise@section.co.za vir besonderhede.

- Besonderhede vir bywoning van die gratis **webinaar** op 17 Februarie is: https://attendee.gotowebinar.com/register/728
- Neem kennis dat **Staswest** ook op 5 Maart 'n seminaar te Hermanus aanbied, waar ek en ander kundiges aanbiedings sal doen. Vir bywoning bespreek by Lilian Waldeck by shield@live.co.za.